VOORKOMING- EN VROEË INGRYPINGS-DIENSTE

Voorkoming en vroeë ingrypings-dienste is dienste wat ontwerp is om die risiko van geweld of ander skade binne die familie-omgewing te verminder.

"**Voorkomings-dienste**" is dienste wat normaalweg voorsien word aan **families met kinders** om sodoende hulle **kapasiteit te versterk om probleme aan te spreek** wat mag ontstaan binne die familie-omgewing.

Voorkomings-dienste kan op die hele gemeenskap gemik wees. Byvoorbeeld, 'n program vir ouers oor effektiewe metodes om 'n kind te disiplineer kan help om familie konflik te voorkom. 'n Ander voorbeeld is, opleiding sessies oor hoe om sorg te verskaf aan kinders met gestremdhede om te verseker dat kinders die sorg kry wat hulle nodig het.

"**Vroeë ingrypings-dienste**" is dienste wat voorsien word om **spesifieke families** met **kinders wat as besonder kwesbaar geïdentifiseer is.**

Die identifisering van kinders wat blootgetel is aan gevaar en deur op families te mik vir vroeë ingryping, kan kindermishandeling en kinderverwaarlosing help voorkom. Byvoorbeeld, deur families waar volwasse familielede alkohol of dwelms misbruik te help met dié probleme, kan help om die kind te beskerm. Vroeë ingrypings-dienste kan ook help on te voorkom dat die kind emosionele- of gedragsprobleme in die toekoms ontwikkel.

Daar is 'n sekere getal oogmerke en doelwitte wat bereik kan word deur voorkoming en vroeë ingrypings:



Hierdie dienste kan huisbesoeke deur gesondheidswerkers of maatskaplike werkers insluit, ouerlike vaardigheids programme, voorbereiding-vir-skool programme, asook alkohol- en dwelmvoorkomings programme of ingrypings (wat 'n kombinasie van verskillende elemente is.) Sommige dienste is geskik vir alle families, terwyl ander weer ontwerp of gemik is op besondere situasies of probleme. Dit is belangrik om goeie beplanning, beheer en evalueering van hierdie dienste te hê om te verseker dat hulle effektief is.

SAKE VIR BESPREKING

- Watter probleme wat kinders affekteer in Namibië kan deur voorkomings- en vroeë ingrypings-dienste aangespreek word?
- Watter voorkomings- en ingrypings-dienste is alreeds in werking?
- Watter addisionele dienste is baie belangrik? Wie kan hulle voorsien (maatskaplike werkers, kerke, nie-regerings-organisasies, en gemeenskaps vrywilliges)?
- Hoe kan kinders en families met behoefte aan sulke dienste geïdentifiseer en bereik word?
- Sal die ontvangs van vroeë ingrypings-dienste wat nie op die hele gemeenskap gemik is nie gestigmatiseer word ?
- Moet howe in staat wees om families te beopdrag om aan spesifieke programme deel te neem eerder as om die kind van die familie te verwyder (in gevalle waar daar nie onmiddellike gevare vir die kind is nie)?

WAT DINK JY?

Stuur jou kommentaar aan:

SMS: 0814241591
E-pos: CCPA@lac.org.na
Faks: 088613715
Posadres: Posbus 604, Windhoek

Vir meer inligting oor die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet, kontak
Monalisa Zatjirua (061-2833116) of Celeste Feris (061-2833179) by die Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn, of Rachel Coomer by die Legal Assistance Centre (061-223356).

Dié feiteblad is ontwerp deur die **Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn,** gefasiliteer deur die **Legal Assistance Centre** en ondersteun deur **UNICEF.**

MGECW

unicef